# H O O F S T U K II.

## DIE TYDPERK 1907 TOT 1910. VERANTWOORDELIKE BESTUUR.

### 1. INLEIDING.

Nadat op 6 Desember 1906 selfbestuur aan die Transvaal toegestaan is, het daar 'n parlementsverkiesing plaasgevind. Selfbestuur het meegebring dat die hele bevolking seggenskap in die regering, en gevolglik ook in die onderwyssake, verkry het, en daar die Boerebevolking in die meerderheid was, is dit te voorsien dat hulle beskouings en opvattings dadelik 'n kentering in die toestande sou teweeg bring. Die uitslag van die verkiesing was dat die Hollands-Afrikaanse bevolkingsdeel aan die bewind gekom het, en genl. Louis Botha het eerste minister geword, en genl. J.C. Smuts minister van onderwys.[1] Die toename van die invloed van die boeregeneraals word soms[2] toegeskryf aan die stelselmatige deurwerking van die C.N.O.-beweging.

Reeds in 1907 is 'n omvattende onderwyswet deur Smuts ingedien, 'n wet wat onderwys op vaste grondslag geplaas het en wat, hoewel dit geen gelykheid van taalregte meegebring het nie, tog aan Hollands ' aansienlik beter plek in die onderwysstelsel besorg het as voorheen en 'n grondslag gelê het waarop verder voortgebou kon word vir die verkryging van gelyke taalregte.

Dit is te begryp dat allerlei praktiese moeilikhede die onmiddellike uitvoering van die bepalings van die wet bemoeilik het. Geleidelik is hierdie moeilikhede egter te bowe gekom. Hollandse inspekteurs is aangestel om toe te sien dat die Hollandse taal tot sy reg kom tot tyd en wyl alle inspekteurs bevoegd sou wees om ook deur middel van Hollands te inspekteer.

Nuwe regulasies is uitgevaardig i.v.m. die taalaangeleentheid, veral die vervat in sirkulêre no. 1 van 1908. Ander regulasies het leerplanne, inspeksie en eksamens

---

1) Buitengewone Staatskoerant 447 van 4 Maart 1907, bl. 489.
2) Bv. Bot, A.K.: Honderd Jaar Onderwys in Transvaal, bl. 73

bepaal. Die inspekteurspersoneel is uitgebrei, maar ingrypende veranderings in die reeds verouderde inspeksiemetodes kan nog nie gekonstateer word nie.

Die middelbare kursus is ingrypend verander deur die onderste en die boonste punte in te kort sodat die kursus net 5 jaar geduur het instede van 8 jaar soos voorheen onder die 1903-regulasies.

Die C.N.O.-stelsel het gedurende hierdie tydperk in die staatstelsel opgegaan omdat die vernaamste griewe t.o.v. taal en godsdiensonderrig in 'n mate tegemoet gekom is, maar die C.N.O.-beweging en lewensbeskouing het nie opgehou om sy invloed te laat geld nie.

Die opleiding van onderwysers is aanmerklik uitgebrei, en die aantal onderwysers het vermeerder, terwyl die kwalifikasies ook verbetering getoon het.

Ook naturelle-onderwys het tekens van vooruitgang getoon as gevolg van die verbetering van die gehalte van onderwysers, hoewel dit in 1910 nog veel te wense gelaat het.

## 2. LAER ONDERWYS.

(a) Onderwyswet no 25 van 1907[1] is tydens die eerste sitting van die eerste parlement op 19 Augustus 1907 aangeneem[2] en op 1 Oktober 1907 het dit van krag geword. In kleiner besonderhede is dit op verskeie geleenthede geamendeer, maar in hoofsaak het dit onveranderd gebly, totdat dit, wat die taalvraagstuk betref, in 1911 deur die Rissik-ordonnansie vervang is.

In die Inleiding tot die wet is o.a. die betekenis van die woord „Inspekteur" omskrywe (art. 2). 'n Inspekteur van onderwys sou beteken enige inspekteur van die departement, aangestel onder ord. 7 van 1903 of onder hierdie wet, of enige persoon wat wettiglik in so'n hoedanigheid opgetree het. Art. 4 (hoofstuk I) het bepaal dat die goewerneur van tyd tot tyd inspekteurs kon benoem wat sulke magte en pligte

1) Transvaalse Statute 1907, bl. 159 e.v. Ook Jaarverslag T.O.D. 1907, bl. 123 e.v.
2) Notule van Wetgewende Raad 1907, bl. 73.

sou hê as wat deur hierdie wet of deur regulasies of deur die direkteur aan hulle opgelê sou word. Art. 5 (d) het neergelê dat die minister van tyd tot tyd voorsiening kon maak vir eksamens wat onder toesig of beheer van die departement gehou sou word. Volgens art. 36 (1) (hoofstuk VIII) kon die direkteur of enige inspekteur van onderwys wat spesiaal daartoe deur die direkteur gelas was, van tyd tot tyd privaat skole besoek om toe te sien dat daar geen faktore aanwesig was wat tot liggaamlike, geestelike of sedelike nadeel van die leerlinge aanleiding kon gee nie.

Die hoofsaak van die wet, wat hierdie ondersoek betref, is egter geleë in daardie artikels (hoofstuk VI, art. 30, 31, 32) wat op die taalkwessie betrekking gehad het. Die belangrikheid van hierdie bepalings vir die huidige ondersoek sal gaandeweg blyk as die inspeksie en eksamens behandel word.

Volgens artikel 30 moes die moedertaal in die laer standerds (tot en met st. III) die voertaal wees. Waar Engels nie die moedertaal was nie, sou dit langsamerhand as voertaal ingevoer word totdat st. III voltooi was, waarna dit dan as algemene voertaal gebruik moes word. Art. 31 het bepaal dat geen leerling van een standerd na die volgende oorgeplaas moes word nie tensy hy onder andere sodanige kennis van die Engelse taal opgedoen het as wat redelikerwys van hom verwag kon word en hy bevredigende vordering in die kennis van daardie taal gemaak het. Art. 32 het voorsiening gemaak vir onderrig in Hollands. Alle kinders moes Hollands leer, tensy hulle ouers daarteen beswaar gehad het. Benewens die Hollandse taal en godsdiensonderrig mog nog twee vakke bokant st. III in Hollands onderrig word, mits die skoolraad dit aanbeveel en die direkteur dit goedgekeur het.

Om hierdie bepalings verder uiteen te sit is deur die departement in die begin van 1908 sirkulêre 1 aan alle skole uitgereik. In hierdie sirkulêre[1)] het die direkteur in die

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1908, bl. 147, Bylaag 1.

inleiding meegedeel dat die hele taalkwessie deur die inspekteurs op hulle vergadering bespreek is en dat die daaropvolgende instruksies die goedkeuring van sowel die algemene as die Hollandse inspekteurs, wat intussen aangestel is,[1] weggedra het. Die taalkwessie moes buite die politiek gehou word. „Nor is it a question of maintaing or promoting the use of this or that language. Our primary concern is the welfare and development of children - not the welfare and development of any particular language."

Adamson het in hierdie uitlating die gees geopenbaar wat in die nuwe opvoedkunde alhoemeer op die voorgrond getree het, nl. dat die kind die voorwerp van belangstelling moet wees en nie die vak nie, soos opgesom deur dr. Coetzee[2] „Alle nuwe opvoedingsbeweging is pedosentries, d.w.s. gaan van die kind as middelpunt uit." 'n Ander skrywer[3] het die sienswyse as volg uitgedruk: „The newer psychology and modern philosophy are in agreement with the fact that each pupil is a unique individual. ............ Focussing attention on the pupil is demanded."

Die beginsel wat Adamson in hierdie inleiding neergelê het, is in die kern dus gesond, maar die res van die sirkulêre loënstraf 'ten seerste hierdie selfde beginsel, want waar alle Hollands-Afrikaanse kinders vanaf graad I met die Engelse taal moes kennis maak, kon Engelse ouers beswaar maak teen die aanleer van Hollands, en moes Engelse kinders nie later as st. III nie met Hollands kennis maak.(para. 15). In st. III moes Engelse kinders dus ook met Hollands kennis maak, mits die ouers geen beswaar gehad het nie. Waar moontlik kon daar reeds vroeër mee begin word, Watter standerd die beste was om 'n tweede taal in te voer, was volgens Adamson nog geen uitgemaakte saak nie

In die regulasies wat in sirkulêre 1 vervat is, is dan

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1908, bl. 16
2) Coetzee J.C.: Die Moderne Opvoeding, bl. 24.
3) Miller, Frank B.: Direction in Education, in Educational Administration and Supervision, Februarie 1942, bl. 125

t.o.v. die gestadige invoering van Engels as medium bepaal (para. 10) dat in die grade bekendheid met Engelse klanke verwerf moes word. In st. I moes die woordeskat opgebou word, eenvoudige Engelse sinnetjies gemaak word, Engels lees begin, en af en toe hoofrekenvragies in Engels gestel word. In st. II moes lees, diktee, hoofreken, resitasie en aanskouingslesse sowel in Hollands as in Engels gegee word. In st. III moes gedurende die helfte van die skooltyd Engels as voertaal gebruik word en gedurende die ander helfte Hollands. In st. IV en hoër moes alle vakke, behalwe die Hollandse taal en godsdiensonderrig en nog twee ander vakke, deur medium van Engels gegee word. Vir die twee ander vakke moes die direkteur op aanbeveling van die Skoolraad toestemming gee.

Hoe is hierdie wet no. 25 nou ontvang, en hoe het dit in die praktyk gewerk? Beswaar kon eintlik net van een kant verwag word, nl. van die Afrikaans-Hollandse seksie van die bevolking.

Op die kongres van die V.V.O.O.Z.A. van 1907 het W. Klooster[1)] in sy voorsittersrede gesê dat hulle ideaal nog nie bereik was nie; hulle het geen gelyke regte verkry nie; tog was dit 'n ferme sprong in die regte rigting.

Op 1 November 1908[2)] het die redakteur van „Het Kristelik Schoolblad" geskryf:

„Ons orgaan heeft altyd gestreden voor 't beginsel van taalgelykheid. En toen de nieuwe Schoolwet in zake taal niet gaf wat we hadden gehoopt, hebben we ons noodgedwongen by de nieuwe regeling neergelegd, maar tevens er op gewezen dat naar onze mening de taalkwestie nog niet naar wens was opgelost ..............."

In 'n volgende Schoolblad[3)] vind ons uit die pen van die redaksie die volgende:

---

1) Het Kristelik Schoolblad Augustus 1907, bl. 2.
2) Ibid, 1 November 1908, bl. 1.
3) Ibid, April en Mei 1908, bl. 19

„De minister, zelf geen onderwyser, riep van te voren geen vergadering van vakmannen byeen, maar won de raad in van een politiek lichaam, nam de wensen en verlangens van nog een andere politieke party in overweging en wist met veel behendigheid in het geven en nemen zyn wet er door te krygen. En zo hebben wy nu een wet, die wat de uitwendige regeling van het onderwys betreft, zoals b.v. het oprichten van gebouwen, de regeling van salarissen, het plaatselik toezicht en dergelike, uitstekend mag genoemd worden, maar die overigens, voor zover het onderwys zelf ermee gemoeid is, lang niet het beste geeft wat men redelikerwyze van een onderwyswet eisen mag."

Verder in die artikel blyk dit dat die groot beswaar hier was t.o.v. die twee vakke bo st. III wat deur medium van Hollands gegee kon word.

Genoeg is gesê om aan te toon dat daar wel teenkanting was. Die here J.A. Dönges, W. Klooster, T.C. Stoffberg en H. Visscher, stoere voorstanders van die C.N.O.-beginsel en gelyke taalregte, is in 1908 as Hollandse inspekteurs onder die staatstelsel aangestel[1] en as amptenare kon hulle nie langer as kampvegters van C.N.O. optree nie. In hulle inspeksieverslae wat later behandel sal word, het hulle gemeld dat in die begin die regulasies in sirkulêre 1 van 1908 vervat, nie nagekom is t.o.v. die Hollandse taal en medium nie.[2]

In die praktyk wou die reëling in die begin ook nie werk nie. Op 'n kongres van Skoolrade[3] wat teen die einde van 1908 gehou is, is eenparig besluit om aan die departement voor te stel dat, net soos Hollandssprekende onderwysers 'n aanvullingseksamen in Engels moes aflê, Engelssprekende onderwysers ook 'n aanvullingseksamen in Hollands moes aflê; dat inspekteurs bekwaam moes wees om in albei tale te inspekteer; dat Hollands en Engels gelyke regte moes verkry; dat by oorplasing van leerlinge kennis van Hollands net so'n vereiste moes wees as kennis van Engels. Hierdie laaste voorstel is so geamendeer dat Engels nie vir Hollandss kinders verpligtend moes wees nie, en is met twee teëstemme aangeneem. Ook Engelssprekende afgevaardigdes het volgens die verslag in die Schoolblad, die billikheid van hierdie voorstelle ingesien.

1) Jaarverslag T.O.D. 1908, bl. 16.
2) Kyk bl. 90 en 91.
3) Het Kristelik Schoolblad, Nov. 1908, bl. 1.

Op dieselfde kongres het die Koloniale Sekretaris, genl. Smuts,[1] sy teleurstelling uitgespreek oor die feit dat so weinig skoolrade aanvraag gedoen het om twee vakke bokant st. III deur medium Hollands te onderwys. Die vernaamste teenstand teen die "twee vakke bokant st.III" skyn te gewees het die moeilikheid i.v.m. die aflê van eksamens in sulke vakke.[2] Die eksamenvrae is in Engels opgestel en onderwysers sou hulle leerlinge laat skade ly het as hulle van hulle reg gebruik gemaak het, volgens die redakteur van die Schoolblad.

Was dit die geval met departementele eksamens, nie minder ernstig nie was die posisie t.o.v. die eksamen afgeneem deur die Kaapse Universiteit, d.w.s. die matrikulasie-eksamen. Alle vraestelle moes slegs deur medium Engels beantwoord word.[3] Skole, selfs C.N.O., moes dus noodgedwonge sekere vakke deur middel van Engels onderrig om hulle leerlinge vir die matrikulasie-eksamen voor te berei. Hierin het later wel verandering gekom toe die Universiteitsraad in 1910 besluit het[4] dat vanaf 1911 alle eksamens van die Kaapse Universiteit ook deur middel van Hollands afgelê kon word. Dit was na die totstandkoming van Unie, toe Hollands en Engels wel offisieël gelyke regte verkry het. Toe was die toestand in die Transvaal ook reeds anders, soos uit die volgende hoofstuk sal blyk.

So'n breedvoerige beskrywing van die wet en die verduidelikende sirkulêre, en die ontvangs wat dit van die kant van Hollandssprekendes veral geniet het, is gegee, omdat dit dikwels ter sprake kom in latere inspeksieverslae e.a. verband.

<u>(b) Inspekteurs en Inspeksie:</u> Om Hollands tot sy reg te laat kom, is daar dan die vier Hollandse inspekteurs aangestel. Ook is daar van die presedent om net Engelssprekende inspekteurs aan te stel, afgewyk toe twee Hollandssprekende

1) Het Kristelik Schoolblad, Nov. 1908, bl. 2.
2) Ibid, Nov. 1908, bl.3.
3) Ibid, Feb. 1909, bl.1, Des. 1909, bl.2, Feb. 1910, bl.3.
4) Ibid, Junie 1910, bl. 1.

inspekteurs, N. Hofmeyr en J.P. Botha,[1] in die begin van 1908 as distriksinspekteurs aangestel is in die plek van H.S. Scott wat Eksaminator op die hoofkantoor geword het, en van H.S. Cooke wat na Engeland vertrek het om 'n betrekking daar te aanvaar.

Die Hollandse inspekteurs moes Hollands in alle skole inspekteer. Die direkteur was van mening[2] dat slegs die groter skole deur twee inspekteurs ('n distriks- en 'n Hollandse inspekteur.) besoek moes word, terwyl die distriksinspekteurs maar alleen die plaasskole moes besoek, Hiermee wou die Hollandse inspekteurs nie genoeë neem nie. Hulle wou alle skole besoek om te sien hoe dit met die onderrig in Hollands gesteld was. Dit het hulle dan ook gedoen, en dit het die direkteur 'n waardevolle oorsig[3] van die toestand van Hollandse onderwys gegee, en die inspekteurs kon die onderwysers waardevolle wenke gee i.v.m. onderwys in Hollands, iets wat die Engelse inspekteurs natuurlik nie kon doen nie.

Die direkteur het daarop gewys[3] dat die dubbele inspeksie slegs 'n tydelike maatreël was, omdat die onkoste aan geld en tyd wat daaraan verbonde was, te groot was. Die stelsel sou egter nog 'n jaar voortduur. In sy jaarverslag van 1909[4] het die direkteur aangekondig dat daar vanaf 1910 geen dubbele inspeksie meer sou wees nie. Die aanstelling van die Hollandse inspekteurs het geen verligting in die toestand gebring nie, aangesien skole nou twee keer besoek moes word, eers vir algemene en dan vir Hollandse inspeksie. Daar was, volgens hom, te veel inspeksie en te min organisasie. Vanaf 1910 sou (a) sommige skole elke twee jaar besoek word; (b) sommige skole elke jaar deur een inspekteur besoek word, (dit sou veral plaasskole wees wat om die beurt deur 'n inspekteur bevoegd in Engels en 'n inspekteur bevoegd in Hollands, besoek wou word); (c) sommige elke jaar deur twee inspekteurs besoek word, d.w.s. 'n Engelse sowel as 'n Hollandse. In Jan.

---

1) Jaarverslag 1908, bl. 16.
2) Ibid., T.O.D. 1908, bl. 18
3) Ibid., [illegible] 19[illegible] .1[illegible]
4) Ibid., 1909, bl. 8

1910 is regulasies te dien effekte gesirkuleer.

In Junie 1910[1] het die aantal inspekteurs gestyg tot 17. Daar was twaalf kringe. Hiervan het die Rand alleen drie inspekteurs gehad. Elke kring het verder een inspekteur gehad. Hierbenewens was daar nog een inspekteur vir tegniese onderwys, een vir naturelleskole in Waterberg en Soutpansberg, en een inspektrise vir naaldwerk.

In al die kringe behalwe die Rand moes elke inspekteur vir al die vakke verantwoordelik wees in alle skole, met uitsondering van die groter dorpskole waar twee inspekteurs nog besoek moes aflê. Die naburige inspekteur moes dan behulpsaam wees. Die inspekteurs is so geplaas dat Hollandssprekendes en Engelssprekendes gewoonlik bure was. Op die Rand het 'n spesiale Hollandse inspekteur vir Hollands sy plek behou, nl. H. Visscher.

Die aantal skole onder elke inspekteur was toe kleiner, sodat hy meer tyd aan elkeen kon bestee, en alle vakke kon neem en so die skool as 'n geheel beoordeel. „Hy is in staat het werk van de school te schatten," het Adamson gesê, „en individuele scholieren van standaard tot standaard te verhoogen."[2] Veral op die laaste sinsnede dien gelet te word, aangesien dit in stryd is met die sienswyse in 1903 geopenbaar,[2a] en 'n stap in die verkeerde rigting was.

Uit die inspeksieverslae is dit duidelik dat sommige inspekteurs[3] nog hoofdelike inspeksie gehou het, en self die oorplasings- en klassifikasiewerk gedoen het. Kerrich het dit as die regte prosedure beskou omdat die bekwaamheid van die onderwysers so grootliks verskil het. Dit was egter nie oral die geval nie. Bot[4] het, as hoof van die Oosteindskool, Pretoria, vanaf 1907, toe hy assodanig aangestel is, self die oorplasingswerk gedoen, en hy beweer dat daar baie meer sulke skole was wat die vertroue van die inspekteurs geniet het. Waar die inspekteurs die minste agterdog gehad het, of onder-

1) Jaarverslag T.O.D. 1910, bl. 5.
2) Ibid., bl. 6. 2a) Kyk bl. 8 hf. I.
3) Bv. Kerrich, Jaarverslag T.O.D. 1908, bl. 50.
4) Bot, A.K., in 'n mondelinge onderhoud op 8 Julie 1943 meegedeel.

wysers onbevoegd was, het die inspekteurs die werk van oorplesing en klassifikasie waargeneem.

Die inspeksieverslag het die gewone „stale criticisms, truisms though they be,"[1] bevat. Byna elke jaar is dieselfde klagte gehoor dat skole nog te min besoek kon word. In 1908 kon Mills[2] wel al sy skole twee keer besoek, en dit sou, volgens hom, voldoende gewees het as die meerderheid van sy onderwysers gekwalifiseerd of ervare was.

> „But when it is stated that no less than 33 principals are uncertificated, and the majority of these are also without previous experience, the need of more frequent visits paid with a view to the giving of advice on points of school management and method is manifest."

Ook Klooster was van mening[3] dat baie skole met swak onderwysers minstens een besoek per kwartaal van 'n inspekteur dringend nodig gehad het.

(c) <u>Vordering van die twee tale:</u> Die inspeksieverslae oor die jare onder bespreking verskaf 'n goeie beeld van die vordering van die twee tale en van die mate waarin die regulasies t.o.v. die tale uitgevoer is.

Aan die einde van 1908, d.w.s. nadat die regulasies ongeveer 'n jaar in werking was, was Dönges se bevinding[4] dat kennis van Hollands nog uiters gebrekkig was, maar hy het op verbetering gehoop, aangesien die wet voorsiening gemaak het vir meer aandag hieraan. Volgens hom is sirkulêre no. 1 van 1908 nie deur almal nagekom nie.

Klooster se bevinding was[5]

> „Op sommige scholen is 't Hollands verwaarloosd, uit vrees dat de leerlingen geen kennis genoeg van 't Engels zullen hebben by de generale inspektie; of liever uit vrees voor de distriktsinspekteur. Het is zeker gewenst dat zo spoedig mogelik de kennis van 't Hollands ook als eis wordt gesteld voor promotie naar een hogere standaard."

Hy het beaam wat Dönges i.v.m. sirkulêre 1 gesê het.

Klooster en Kerrich het die inspeksiewerk as volg verdeel, volgens 'n mededeling van Kerrich[6]

---

1) Adamson in Jaarverslag T.O.D. 1907, bl. 9.
2) Jaarverslag T.O.D. 1908, bl. 60.
3) Ibid., bl. 99.
4) Ibid., bl. 97.
5) Ibid., bl. 99.
6) Ibid., bl. 52.

„He (Mr. Klooster) inspects the Dutch language teaching, and enquires especially into the question of medium and how far the requirements of the law are being carried out in this respect. I attend to the classification of the scholars and the organisation of all the subjects, except the Dutch language teaching."

Die vakke wat deur medium Hollands onderrig is, is dus ook deur die distriksinspekteur ondersoek en nie deur die Hollandse inspekteur nie. Hierteen het Stoffberg in sy verslag beswaar gemaak.[1]

Thompson het gevind[2] dat sirkulêre 1 goed gewerk het op die Rand „and has gone a long way towards solving a very knotty problem."

Uit die inspeksieverslae van 1909[3] blyk dit dat daar nog moeilikheid was met die nakoming van die regulasies. Volgens die kode moes daar in die grade nie in die tweede taal gelees word nie; daar moes die onderrig net uit spreeklesse bestaan. Sommige inspekteurs het gekla dat daar onderwysers was wat die kluts heeltemal kwyt geraak het of wat die regulasies opsetlik veronagsaam het. Klooster het in 1909 gevind dat[4] die toestand in Soutpansberg betreurenswaardig was t.o.v. die uitvoering van die wet. Byna alle skole het nog Engels as voertaal gebruik waar dit Hollands moes gewees het. Baie onderwysers het, volgens hom, nie eens van die wet of van die regulasies geweet nie. Stoffberg se ondervinding was[5] dat baie Engelse onderwysers hul bes gedoen het om Hollands te leer, maar ongelukkig nie almal nie.

In 1910 het Klooster gerapporteer[6] dat die voorskrifte van die wet t.o.v. Hollands baie beter nagekom is, maar dat die peil nog nie was wat dit moes wees nie.

Tot sover die inspeksieverslae oor hierdie onderwerp.

In 'n toespraak[7] gelewer op die dertiende kongres van die V.V.O.O.Z.A. op 31 Maart 1910 het inspekteur W. Klooster

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1908, bl. 102.
2) Ibid., bl. 56.
3) Ibid. 1909, bl. 56 - 111.
4) Ibid., bl. 99.
5) Ibid., bl. 101.
6) Ibid. 1910, bl. 137.
7) Het Kristelik Schoolblad, Apl. - Mei 1910, bl. 3 - 4.

die Engelse onderwysers in drie groepe verdeel. Die eerste soort het, volgens hom, hulle bes gedoen en Hollands geleer en met die daad bewys dat dit 'n leuen was dat 'n Engelsman geen Hollands kon leer nie. Die tweede soort het Hollands as 'n vreemde taal aangeleer en was tevrede met 'n „working knowledge" daarvan. Die derde soort het geen Hollands geken of verstaan nie, maar het telkens die inspekteur verseker: „I am very anxious to learn Dutch," en as die inspekteur die volgende jaar kom, was hulle nog net so „angxious," „en met hun onvervulde wens gaan ze eindelik in 't graf." Oor die algemeen het hy egter 'n ernstige strewe by die Engelssprekende onderwysers gewaar om vir Hollands te doen wat hulle kon en moes. Die toestand het, volgens sy bevinding, geleidelik verbeter.

Op dieselfde kongres het sowel die direkteur van onderwys as inspekteur Mansfield tot groot vreugde van die kongresgangers toesprake in goeie Hollands gelewer.[1]

In verband met die vordering in Engels word daar min gevind in die inspeksieverslae, en niks van belang nie. Engels was reeds so ingeburger dat dit blykbaar daarmee goed gegaan het.

(d) Eksamens. Op 19 Maart 1909[2] is nuwe regulasies bekend gemaak t.o.v. laer- en middelbare skole. Laerskole sou in die vervolg tot st. VII gaan terwyl middelbare skole by vorm I (st. VI) sou begin. Daar sou dus oorvleueling wees, omdat leerlinge wat op 14- of 15-jarige leeftyd die skool wou verlaat, in die laerskool moes bly, terwyl die wat verder wou leer, reeds na st. V na die middelbare skool oorgeplaas sou word.

In 'n later jaarverslag[3] is daar meer besonderhede oor hierdie eksamen te vind. Die skriftelike vraestelle is deur

---

1) Het Kristelik Schoolblad, April - Mei 1910, bl. 1 en 4.
2) St. Kt. 19/3/1909, bl. 634, goewts.-kennisgewing no. 309.
3) Jaarverslag 1912, bl. 33-34.

'n komitee van inspekteurs opgestel en finaal goedgekeur op 'n konferensie van die hele inspektorale staf. Antwoorde is dan ook weer deur inspekteurs nagesien in die inspekteurskantoor te Johannesburg. Mondelinge toetse is deur indiwiduele inspekteurs tydens hulle besoeke aan die skole afgeneem. Behalwe die skriftelike en mondelinge toetse is ook die leerling se skoolrekord, soos deur die hoof toegeken, in ag geneem. Die toekennings deur hoofde het grootliks van mekaar verskil, maar tog is die beginsel as gesond beskou. Dit was dan ook werklik 'n groot stap vooruit in die regte rigting omdat eksamens alleen aan allerlei gebreke onderhewig is, soos in die inleidende hoofstuk uiteengesit. Nogtans het die regulasies nie ver genoeg gegaan nie, want, soos reeds aangetoon, is alle eksterne eksamens in Engeland reeds vroeër in die eeu afgeskaf in die laerskool. Miskien is die Transvaalse onderwysers destyds nog as minder bevoegd vir die werk van oorplasing beskou as die Engelse onderwysers.

Kinders moes eksamen aflê in Engels, Hollands, matesis, geskiedenis, aardrykskunde en natuurwetenskap. Om die sertifikaat te kry, moes hulle slaag in minstens een taal (Engels of Hollands), rekene, geskiedenis of aardrykskunde. As laasgenoemde twee albei baie swak was, kon 'n slaagmerk in die tweede taal daarvoor vergoed.

Hierdie eksamen is vir die eerste keer aan die end van 1909 afgeneem.[1] Die direkteur het gemeen[1] dat, hoewel die uitslae swak was (syfers word nie gegee nie), dit nie onverwags was nie, aangesien die nuwe regulasies en leerplanne maar nege maande in werking was. Noudat daar deur die eksamen 'n definitiewe standaard neergelê was, en onderwysers presies geweet het wat verwag kon word, het die direkteur gemeen dat uitslae gou sou verbeter.

Die redakteur van „Het Kristelik Schoolblad"[2] het die swak resultate aan vierderlei oorsaak toegeskryf:

---

1) Jaarverslag 1910, bl. 75.
2) Het Kristelik Schoolblad, Maart 1910, bl. 1.

,,(a) aan 't te veel zyn kracht zoeken in 't cyfer", d.w.s. onderwysers het in die laer klasse maar onbevoegde kinders oorgeplaas net om hulle maar op skool te hou en so die graad van die skool te verhoog. Het 'n onderwyser 'n leerling laat druip, sou laasgenoemde moontlik na 'n ander skool gegaan het, en die onderwyser sou skade gely het;

,,(b) aan 't mindere gehalte van een groot aantal onderwysers";

,,(c) aan het niet lang genoeg onderwys ontvangen door middel van de moedertaal";

,,(d) aan 't opgegeven eksamenwerk". I.v.m. die laaste het die skrywer gesê dat Hollands eers die vorige jaar tot sy reg gekom het en dat dit vir Hollandse skole totaal onmoontlik was om aan die volle eise vir Hollands te voldoen. Verder was al die vraestelle heeltemal te moeilik vir die leerlinge, veral daar 'n leerling nooit by 'n eksamen op sy beste vertoon nie.

Aan die einde van 1910[1] het daar 714 kandidate uit 1210 in st. VI van die skooleindsertifikaateksamen geslaag, d.i. 59%, en 340 uit 496 in st. VII, d.i. 68.5%.

Die persentasie geslaagdes het die direkteur heeltemal redelik gevind.[2] Die peil van die werk was hoër as die van die vorige jaar. Waar die leerplan eers te oorlaai was, was dit nou heelwat vereenvoudig.

In Engels het 238 st. VI-leerlinge gedruip en in Hollands 466 uit 1210.[3]

In Maart 1910[4] is bekend gemaak dat daar aan die einde van die jaar hoërskoolbeurse aan twee klasse leerlinge toegeken sou word, t.w. Klas 1: leerlinge wat st. V geslaag het ~~en~~ benede 13 jaar was; Klas 2: leerlinge wat st. VI geslaag het en tussen 13 en 16 jaar was. Eksamenvakke vir albei klasse sou wees: Engels, Hollands, geskiedenis, aardrykskunde, rekene, en vir seuns nog algebra en meetkunde en vir meisies tekene. Klas 2 moes nog een vak uit die volgende kies: Latyn, Frans, Duits, natuurkunde.

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1911, bl. 159.
2) Ibid., bl. 157.
3) Ibid., bl. 159.
4) T.O.D. sirkulêre no. 8 van Maart 1910, bl. 13.

(e) Algemene Toestande.

(i) Peil van Werk: Aangesien die persentasie gekwalifiseerde onderwysers op die platteland aansienlik laer was as die in die dorpe en stede,[1] is dit geensins bevreemdend dat die inspekteurs oor die algemeen gevind het dat die vordering op onderwysgebied op die platteland ver agter gestaan het by die in die dorpe en stede nie. Veral in die stede was skole goed op peil. Thompson het bv. gevind[2] dat sommige skole in sy kring (Witwatersrand) uitstekende werk gelewer het.

> "I speak with some experience and I say that the work in many of our schools is as good as that in many of the best and longest established schools in London and the large towns of England."

En hy het werklik langdurige ondervinding gehad van die werk in Engelse skole, aangesien hy veertien jaar lank skoolinspekteur onder die „Board of Education" was voordat hy in 1903 na die Transvaal gekom het.[3]

Ander oorsake van swak vordering op die platteland was die groot aantal eenmanskole en die swak skoolbesoek.

Volgens gegewens in die jaarverslag[4] was daar in st. III en laer op die platteland 90.1% leerlinge in 1904, 83.4% in 1907 en 83.4% in 1910 - geen aanmerklike verbetering dus nie. Vir stad en dorpskole was die ooreenkomstige syfers 80.1%, 75.8% en 72.3%. Die persentasie leerlinge in die laer klasse het geleidelik verminder en die in die hoër klasse ooreenkomstig toegeneem.

Dit is egter duidelik dat baie leerlinge die skool verlaat het voordat hulle in die hoër standerds gekom het. Die vernaamste oorsaak was waarskynlik ekonomiese omstandighede, maar E.L. Thorndike het reeds in 1907 beweer[5] dat baie kinders nie die skool om ekonomiese redes verlaat nie, maar omdat hulle op skool net verstandelike geleerdheid kry en daarvoor nie

1) Kyk tabel op volgende bladsy.
2) Jaarverslag T.O.D. 1907, bl. 55.
3) Ibid. 1922, bl. 9.
4) Ibid. 1911, bl. 46.
5) Curti, Merle: The Social Ideas of American Education, bl. 471.

die nodige belangstelling of aanleg besit nie. Vir diesulkes is die ou-tipe skool onaantreklik en hulle verlaat dit so gou moontlik.

(ii) Statistieke: Die aantal laerskoolleerlinge het in Junie 1910 op 48,146[1] gestaan, en die gemiddelde inskrywing vir 1910 was 47,987, 'n vermeerdering van meer as 100% op 1903, en 'n vermeerdering van 18,329 sedert 1906. Al die getalle sluit kleurlingkinders in maar nie naturelle nie. Die aantal skole (insluitende hoër-, normaal-, ens. omdat geen aparte syfers aangegee is nie) het vanaf 1906 tot 1910 toegeneem van 435 tot 739. Die aantal onderwysers in alle skole het gedurende dieselfde jare toegeneem van 1,216 tot 2,068. Die kwalifikasies van onderwysers het ook geleidelik verbeter, soos in die onderstaande tabel aangetoon word:

Tabel I: Persentasie Transvaalse Onderwysers wat volledige sertifikate besit het, 1907 tot 1910:

| Jaar | Hoërskole | | Laerskole: Stad en Dorp | | Laerskole: Buiteskole | | Alle Skole | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Volle sert. | Provisionele sert. | Volle sert. | Provisionele sert. | Volle sert. | Provisionele sert. | Volle sert. | Provisionele sert. |
| 1907 | 89.2 | 10.8 | 69.2 | 30.8 | 43.1 | 56.9 | 61.5 | 38.5 |
| 1908 | 90.5 | 9.5 | 74.0 | 26.0 | 44.5 | 55.5 | 63.6 | 36.4 |
| 1909 | 82.0 | 18.0 | 75.3 | 24.7 | 43.4 | 56.6 | 62.9 | 37.1 |
| 1910 | 80.0 | 20.0 | 81.6 | 18.4 | 49.7 | 50.3 | 68.2 | 31.8 |

In die buiteskole was daar dus in 1910 nog minder gesertifiseerde as ongesertifiseerde onderwysers. Die syfers was 397 teenoor 401. Nogtans was daar ook hier, soos oral, vordering merkbaar.

1) Jaarverslag T.O.D. 1910, bl. 101 - 115 bevat al die statistieke.

## 3. MIDDELBARE ONDERWYS.

(a) Inspeksie: Toe wet no. 25 van 1907 van krag geword het, was daar 23 sekondêre skole of skole met sekondêre afdelings in die Transvaal[1] onder beheer van die departement van onderwys.

Die skole met middelbare afdelings is blykbaar deur die distriksinspekteurs geïnspekteer, want van 'n inspeksiekomitee is geen verdere melding gemaak nie. Aan die einde van 1907 is die hoërskole nog deur 'n inspeksiekomitee geïnspekteer, maar hulle is deur die direkteur self geïnspekteer teen die einde van 1908[2] en weer teen die einde van 1909.[3] Die direkteur het egter gevind dat die werk te veeleisend vir een persoon was, en aangekondig dat daar vanaf 1910 weer 'n inspeksiekomitee sou aangestel word.[4] Ek kon nie uitvind of dit gedaan is nie, aangesien daarvan geen melding in die volgende jaarverslae voorkom nie. Dit sou die regte prosedure gewees het, aangesien een persoon waarskynlik nie 'n genoegsame veelsydige spesialiteit kan wees om al die verskillende hoërskoolvakke te inspekteer nie, en daar volgens die algemene mening[5] spesialiteite hiervoor vereis word.

(b) Regulasies: Die gevolg van die direkteur se eerste inspeksiebesoek aan die hoërskole in 1908 was die daarstelling van hersiene regulasies t.o.v. middelbare onderwys gelyktydig met die reeds genoemde nuwe regulasies vir laer onderwys.[6]

Die hersiene regulasies[7] het voorsiening gemaak vir 'n vyfjarige kursus in die middelbare skool na st. V tot en met matrikulasie. Die vorige regulasies, die van 1903, het toegelaat dat leerlinge reeds na st. III na die middelbare skool kon gaan. Toe moes sommige leerlinge al dadelik na st. III

---

1) Wet no. 25 van 1907, Eerste Skedule. (Jaarverslag 1907, bl. 159).
2) Jaarverslag T.O.D. 1909, bl. 34 (Rapport van direkteur, bl. 112 e.v.).
3) Ibid. 1910, bls.81. (Rapport van direkteur, bl.182-215).
4) Ibid. 1910 (Engelse edisie), bl. 73.
5) Vgl. Uhl, Willis L. e.a.: The Supervision of Secondary Subjects, bl. 1 - 2, en bl. infra.
6) Kyk bl. 92 supra.
7) Staatskoerant 19/3/'09, bl. 659, goewts.-kennisgewing, no. 309 e.a. plekke.

Latyn, algebra en ander middelbare skoolvakke begin leer.[1] Aan die bopunt van die kursus is die ou vorm VI (na-matrikulasiewerk) weggelaat omdat Adamson van mening was[2] dat dit werk was wat in 'n kollege tuisgehoort het.

Op sommige plekke in Amerika is die middelbare skoolkursus jare later met 'n jaar verleng[3] vir die leerlinge wat voornemens was om daarna 'n universiteit te besoek. Keyter is van mening[4] dat die akademiese hoërskoolkursus met minstens 'n jaar verleng behoort te word

> „aangesien die akademiese studie steeds hoër in sy eise styg en die gemiddelde ouderdom van die Suid-Afrikaanse student te laag vir diepgaande universitêre studie gedaal het".

Die ouderdom vir middelbare onderwys sou dus voortaan dertien tot sewentien jaar wees, d.w.s. die vroeë adolessensietydperk, en dit het Adamson as die regte ouderdom beskou.[5]

Die hersiene regulasies het die kurrikulum ruimer gemaak en meer elasties. 'n Groter keuse van vakke en aanpassing by die nasionale eise is beoog in teëstelling met die eenvormigheid wat deur die matrikulasie-eksamen van die Universiteit in die hand gewerk is, en wat alles behalwe modern was.[6] Latyn was bv. nog verpligtend vir die matrikulasie-sertifikaat maar nie vir die alternatiewe eksamens wat hieronder uiteengesit word nie.

Behalwe die gewone interne skooleksamens sou daar twee departementele eksamens gehou word:

1. Aan die end van vorm IV. Dit sou die nuwe Skoolsertifikaat-eksamen wees. Die klasrekord sou in aanmerking geneem word, en dit sou die onderwyser een van die sterkste dissiplinêre wapens in sy hand gee. Die eksamen sou gedeeltelik intern en gedeeltelik ekstern wees.

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1910, bl. 82.
2) Ibid., bl. 84.
3) Keyter, J.de W.: Opvoeding en Onderwys, bl. 387.
4) Ibid., bl. 492-3.
5) Jaarverslag T.O.D. 1910, bl. 83.
6) Ibid., bl. 85.

2. Aan die end van vorm V kon 'n leerling neem:

   (i) Die matrikulasie-eksamen, of

   (ii) Die nuwe Senior-sertifikaateksamen van die Kaapse Universiteit, of

   (iii) Die toelatingseksamen tot die Transvaalse Universiteitskollege, of

   (iv) Die algemene deel van die Transvaalse derdeklas onderwyser-sertifikaateksamen.

Vir die matrikulasie-eksamen was Latyn 'n vereiste. As 'n leerling geeneen van bogenoemde vier wou skryf nie, kon die direkteur aan hom 'n Middelbare Skoleindsertifikaat uitreik, gebaseer op enige toets wat hy (die direkteur) nodig geag het, en, indien hy verkies het, met inagneming van die leerling se skoolrekord.

In Maart 1910[1)] is die vakke, die maksima en die minima vir elke vak vir die skoolsertifikaateksamen per omsendbrief deur die departement bekend gemaak. Die volgende vakke was verpligtend: Rekenkunde, Engels, Hollands, 'n derde taal, geskiedenis, aardrykskunde, natuurstudie vir seuns en gesondheidsleer vir meisies, algebra en meetkunde vir seuns en gesondheidsleer vir meisies as hulle dit nie alreeds gekies het nie.

Geen voorsiening is nog gemaak vir praktiese handearbeid soos houtwerk, naaldwerk, kookkuns, e.d.m. nie, hoewel dit reeds jare tevore in ander lande bepleit is, veral deur Dewey in Amerika.[2)]

Vir die laersertifikaateksamen het 59 uit 87 kandidate geslaag in 1907,[3)] en 87 uit 105 in 1908.[4)] Die nuwe skoolsertifikaateksamen is aan die einde van 1909 vir die eerste keer geskryf, en 106 uit 148 kandidate was suksesvol.[5)] In 1910 het 124 uit 213 geslaag.[6)]

Om die vordering duideliker aan te toon, volg hier getabuleerde opsommings van die uitslae sedert 1904.

---

1) T.O.D. sirkulêre 8 van Maart 1910, bl. 15.
2) Dewey, John: The School and Society, 1899, is een pleidooi daarvoor; ook sy art. „The Place of Manual Training in the Elem. Course of Study" 1901, opgeneem in sy „Education Today".
3) Jaarverslag T.O.D. 1908, bl. 127.
4) Ibid. 1909, bl. 145.
5) Ibid. 1910, bl. 233 en 377 - 378.
6) Ibid. 1911, bl. 174.

Tabel II: Aantal Kandidate Ingeskryf en Geslaag vir die Transvaalse Laersertifikaat- en die Skoolsertifikaateksamens, 1904 -1910.

| | Laersertifikaateksamen. | | Skoolsertifikaateksamen. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1904 | 1905 | 1906 | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 |
| Ingeskryf | 100 | 94 | 89 | 87 | 105 | 148 | 213 |
| Geslaag | 27 | 54 | 43 | 59 | 87 | 106 | 124 |
| % Geslaagdes | 27 | 57.4 | 48.3 | 67.8 | 82.9 | 71.6 | 58.2 |
| Aantal skole verteenwoordig | | | 13 | 10 | 13 | 14 | 18 |

Vanaf 1907 is daar 'n vinnige styging merkbaar in die aantal kandidate, en die styging het ook na 1910 voortgeduur. Dit weerspieël 'n aansienlike verhoging in die onderwyspeil van die Transvaal. Elke jaar was daar 'n toename in die aantal leerlinge wat verder geleer het as wat die wet hulle verplig het. Die rede hiervoor was seker nie net die groeiende besef van die belangrikheid van geleerdheid nie, maar ook die steeds veranderende ekonomiese toestande wat meer kinders vrygestel het van die harde werk op plase kort na die oorlog.[1])

Die persentasie geslaagdes in die laer eksamen (tabel II) het so geweldig geskommel vanaf 48.3 in 1906 tot 82.9 in 1908 (as 1904 se syfers buite berekening gelaat word omdat die eksamen toe vir die eerste keer geskryf is), dat daar niks uit afgelei kan word nie.

Dit blyk ook uit die gegewens i.v.m. die matrikulasie-eksamen (Tabel III) hieronder) dat die aantal kandidate steeds toegeneem het. Hier is daar 'n groot vermeerdering merkbaar vanaf 1904 tot 1908. Vanaf 1909 is die aantal ingeskrewe kandidate nie meer in die jaarverslae vermeld nie, slegs die name van geslaagdes.

---

1) Vgl. Stanley Hall se bewerings i.v.m. Amerika soos aangegee deur Merle Curti: The Social Ideas of American Educators, bl. 411.

Tabel III. Aantal Transvaalse Kandidate Ingeskryf en Geslaag vir die Matrikulasie-eksamen 1904 tot 1910.

| | 1904 | 1905 | 1906 | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kandidate Ingeskryf | 17 | 105 | 132 | 184 | 222 | - | - |
| Aantal Geslaag | 9 | 46 | 55 | 99 | 108 | 98 | 104 |
| % Geslaagdes | 53 | 43.8 | 41.7 | 53.8 | 48.6 | - | - |

## 4. OPLEIDING VAN ONDERWYSERS.

(a) Algemeen: Vroeg in 1909 is daar nog twee Normaalkolleges in die Transvaal geopen,[1] nl. een te Heidelberg met J.A. Dönges, tot dusver inspekteur van skole, as hoof, en een te Johannesburg met W.R. MacGregor, wat Adamson uit Skotland ontbied het, as hoof. Tesame met die een te Pretoria waar dr. N.M. Hoogenhout hoof was, was daar dus in 1909 drie opleidingskolleges in die Transvaal met altesaam 267 studente.[2]

Teen die einde van 1909 het die direkteur die Normaalkolleges besoek en verslae oor hulle uitgebring.[3] Te Heidelberg het die parallelklasse gevind vir die groep studente wat nie by magte was om klasse te volg waar Engelsmedium gebesig is nie. Hy het dit jammer gevind, want

> "het moet voor iedere student(e) mogelik zyn het onderwys te volgen in, of, door het medium van, 'n taal welke niet zyn of haar moedertaal is."4)

Of hy hierdie stelling ook toepaslik geag het op die Johannesburgse Normaalkollege, het hy nie aangedui nie.

Vanaf 1910 het die studente van die Johannesburgse Normaalkollege gewone dagskole besoek as deel van hulle opleiding. By die eerste besoek moes hulle net waarneem hoe die onderwysers opgetree het, en aantekeninge maak. Later moes

1) Jaarverslag T.O.D. 1909, bl. 9.
2) Ibid., bl. 22.
3) Ibid., 1910, bl. 216 - 232.
4) Ibid., bl. 218.

hulle onder toesig self les gee, en eindelik 'n klas geheel en al waarneem.

(b) Regulasies: In Mei 1909 is nuwe regulasies vir onderwyserseksamens bekend gemaak.[1] Aan die einde van 1909 kon kandidate onder die ou of die nuwe regulasies eksamen doen; daarna slegs onder die nuwe.

Vereistes vir Derdeklas sertifikaat. Ten tyde van die eksamen moes die kandidaat minstens 18 jaar oud wees. In die geval van diensdoende onderwysers moes hulle twee jaar bevredigende diens aan die departement gelewer het, maar dit kon verminder word tot ses maande in die geval van 'n student wat minstens een jaar opleiding aan 'n goedgekeurde inrigting gehad het. Die kandidaat moes dan ook slaag in die kwalifiserende eksamen, wat uit twee dele bestaan het, n... 'n algemene en 'n professionele deel. Die algemene deel het uit Engels, Hollands, reken, algebra, meetkunde, aardrykskunde, geskiedenis en natuurstudie bestaan. Die kandidaat kon kies watter medium hy by die beantwoording wou gebruik. Die professionele deel het lees, resitasie, diktee en opstel in albei tale ingesluit, asook teorie, organisasie en tug, die elemente van gesondheidsleer, prakties klasgee, swartbordwerk, teken, sange en naaldwerk of houtwerk.

As 'n kandidaat die metrikulasie-sertifikaat gehad het, kon hy van die algemene deel vrygestel word, maar as hy vir matrikulasie nie geskiedenis, aardrykskunde en natuurstudie geneem het nie, moes hy dit skryf. Alle vakke van deel I was verpligtend behalwe algebra en meetkunde, en alle vakke van deel 2 behalwe onder sekere omstandighede sang en houtwerk.

Vereistes vir Tweedeklas sertifikaat: Die minimum ouderdom was 20 jaar. Twee jaar diens of een jaar opleiding en 6 maande diens is vereis, net soos vir O.3. Die kwalifiserende eksamen het ook uit 'n algemene en 'n professionele deel bestaan. Die intermediêre eksamen van die Kaapse Universiteit

Die algemene deel: (a) Engels of Hollands, (b) rekene en (c) geskiedenis of aardrykskunde was verpligtend. Twee opsionele vakke moes geneem word maar drie kon geneem word uit die volgende: 'n Moderne taal of Latyn, matesis, wetenskap.

Die professionele deel: A. Kandidate wat nie 0.3 gehad het nie, moes al die vakke vir die tweede deel van 0.3 skryf. B. I. Teorie van Onderwys:

(1) Metodes en beginsels van onderwys; (2) Fisiologie, sielkunde en gesondheidsleer; (3) Organisasie en tug; (4) Geskiedenis van onderwys.

II: Praktiese lesgee.

Vereistes vir Eersteklas-sertifikaat: Die minimum ouderdom was 25 jaar. Kandidate moes in besit van die 0.2-sertifikaat wees, vyf jaar bevredigende diens gelewer het, en in die kwalifiserende eksamen geslaag het. Die eksamen sou net professioneel wees en ondersoek instel na die kandidaat se kennis en opvattings insake opvoedkundige onderwerpe en hulle toepassing in die praktyk. 'n Universiteitsgraad was nodig, of ander bewyse van hoogstaande algemene opvoeding.

Besonderhede van die eksamen was:

(a) Die hoofdoelstellings van onderwys en opvoeding, met sulke dele van die inhoud van logika en etiek as wat hierop lig werp.

(b) Die beheer van die werklike sake van 'n skool. Dit sou van die kandidaat verwag word dat hy deeglik bekend moes wees met die vorskillende onderwerpe genoem in die sillabus vir deel II, seksie B, van die tweedeklas onderwysersertifikaat, en dat hy bewys moes lewer van onafhanklike nadenke oor sy ondervinding en nalles in verband daarmee.

(c) 'n Skriftelike verhandeling wat selfstandige nadenke openbaar oor enige onderwerp wat in verband staan met onderwys, organisasie en tug.

(d) 'n Verdere studie van die geskiedenis van opvoedkundige idees en van voorgeskrewe opvoedkundige werke.

(e) 'n Vergelykende studie van die onderwysstelsels in die selfregerende kolonies van Suid-Afrika en in ten minste een ander land.

(f) Die praktyk van onderwys en opvoeding; dit sou tydens 'n besoek of besoeke aan die skool waar die onderwyser werksaam was, deur 'n inspekteur van onderwys of deur 'n ander beampte van die departement, wat deur die direkteur daartoe gelas is, ondersoek word op enige wyse wat geskik geag is.

'n Vergelyking van hierdie regulasies met die voriges van 1905 toon dat daar in die nuwe regulasies groot nadruk op die tale gelê is. Die professionele deel van die O.3-eksamen het lees, resitasie, diktee en opstel in albei tale ingesluit. Alle kandidate was verplig om dit te neem, en geen O.2- of O.1-kandidaat kon vrystelling daarvan verkry nie. In die vorige regulasies was daar geen dergelike bepaling nie. Die O.2-eksamen het ietwat makliker geword. Vir O.1 is daar nou geen reis in die buiteland vereis soos vroeër nie, maar wel, benewens die verhandeling, 'n skriftelike eksamen.

(c) Eksamens: Aan die einde van 1906 het 45 kandidate die derdeklas-onderwysersertifikaat behaal.[1] Hiervan was 15 diensdoende onderwysers en 30 was studente van Normaalkolleges. Aan die einde van 1907 was daar 69 suksesvolle kandidate[2] - 'n merkbare toename. Aan die einde van 1909 het 103 uit 230 geslaag,[3] en in 1910 was 182 uit 274 suksesvol.[4]

In verband met die eksamen van 1907 het die eksaminatore veel gekla oor die swakheid van die Engelse taal en van Hollands Laer.[5] Muller het Engels swak gevind en Kloster het gerapporteer dat die kandidate vir Hollands, laer afdeling, vry goed gelees, sleg geresiteer, en nog slegter gepraat het.

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1907, bl. 116.
2) Ibid., 1908, bl. 136.
3) Ibid., 1910, bl. 244.
4) Ibid., 1911, bl. 183.
5) Ibid., 1908, bl. 140 en 141.

Tog moes hulle nou deur middel van Hollands in sekere vakke gaan les gee. Die uitslag was, volgens Klooster, ,,zeer onbevredigend."

In 1908 was die toestand, wat Hollands betref, nie juis beter nie. In sy eksamenrapport het N.M. Hoogenhout[1] geskryf dat die doel van Hollandse onderrig tog moes wees om die studente in staat te stel om deur middel van Hollands te gaan les gee; m.a.w. kandidate moes Hollands kon praat.

> "Conversation was, except in one or two cases, extremely halting, and there is no doubt that these candidates will be unable to make anything clear to Dutch-speaking pupils through the medium of Dutch."

Hierdie opmerkings het betrekking gehad op die Normaalkollege te Pretoria, die hoofbron van rekrute vir die onderwyspersoneel.

## 5. C.N.O.-SKOLE.

Toe die Volksraadsverkiesing in 1907 op 'n politieke oorwinning vir die ,,Het Volk"-party uitgeloop het en genl. Smuts Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys geword het, het die voorstanders van die C.N.O.-beweging, omdat hulle 'n groot mate van vertroue in die nuwe regering gehad het, maar ook omdat hulle daartoe genoop is deur gebrek aan fondse, besluit om hulle organisasie te beëindig en hulle skole aan die regering te oorhandig.[2] Altesaam het daar 115 skole met sowat 4,700 leerlinge onder die staatstelsel ingekom.

Hiermee het die beweging vir C.N.O. nie doodgeloop nie. Telkens is die stryd opnuut aangeknoop,[3] en kongres op kongres is gehou om C.N.O. aan die lewe te hou. Ook gedurende die afgelope paar jare is daar etlike volkskongresse gehou waar die C.N.O.-ideaal op die voorgrond geplaas is.

---

1) Jaarverslag T.O.D. 1909, bl. 159.
2) Coetzee, J.C. : Onderwys in Transvaal, bl. 119 - 120 en Ibid.: Die Geref. Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, bl. 29 - 30.
3) Ibid.: Die Geref. Beginsel en die Onderwys in die Transvaal, bl. 32 e.v.

Met die oorgang van die C.N.O.-skole tot die staatstelsel het hulle belangrikheid verdwyn sover dit hierdie ondersoek betref.

6. NATURELLE-ONDERWYS.

Die aantal naturelleskols by die departement geregistreer, wat op hulptoelae geregtig was, het van 184 in 1906 tot 220 in 1910 toegeneem[1] en die aantal leerlinge van 9,951 tot 11,703. In 1910 het die regeringstoelae vir die 11,703 leerlinge £10,979 bedra wat, hoewel gering, tog besonder gunstig vergelyk met die Vrystaatse bedrag van £2,000 vir 9,281 leerlinge.[2]

Twee opleidingsinrigtings vir onderwysers is met staatsteun geopen,[3] nl. een te Pietersburg in Julie 1906 deur die Anglikaanse Sending en een te Bothsabels in Januarie 1907 deur die Berlynse Sending, sodat daar toe in die Transvaal 4 staatsondersteunde inrigtings van hierdie soort was, wat aan 117 studente opleiding verskaf het. In Junie 1908 was daar 125 studente in die 4 inrigtings, in 1909 was daar 144, en in 1910 reeds 215. Baie meer onderwysers het in 1910 sertifikate behaal. Geleidelik, dog nog baie langsaam, is dus die grootste van alle moeilikhede voorkom, want in alle vorige jaarverslae is daar baie klagtes oor die gehalte van die onderwysers uitgespreek. Volgens Jones se verslag vir 1908[4] was slegs 9 van die 115 onderwysers in sy kring wat salaristoelae van die departement ontvang het, gesertifiseer. Daar was glad te min onderwysers wat tot st. III onderrig kon gee. In 1909 was daar 21 gesertifiseerdes.

Reeds in 1908 is gerapporteer dat onderwysers besonder gretig was om die vakansiekursusse wat deur die departement gereël is, by te woon. In 1910 is gemeld dat nog baie meer

---

1) Syfers ontleen aan die verskillende jaarverslae.
2) Loram, C.T.: Education of the S.A. Native, bl 55 en 56.
3) Jaarverslag T.O.D. 1907, bl. 40.
4) Ibid., 1908, bl. 106.

die kursusse bygewoon het.

Waar die onderwysers opgelei was, het die peil van die werk vordering getoon; elders was die toestand swak.

'n Ander klagte wat gereeld in die inspeksieverslae voorkom, is dat daar geen doeltreffende geboue was nie, en min of geen uitrusting. In Junie 1907 het inspekteur S.O. Purves (Waterberg-Soutpansberg) gekla[1] dat daar min vyf skole hoegenaamd geen banke of tafels was nie. In 1908 het Jones gerapporteer[2] dat die geboue taamlik verbeter het as gevolg van die ywer van die superintendente. Die naturelle het meestal alleen alle koste gedra, en in baie gevalle self die werk gedoen. Ook in 1909 kon Jones meld[3] dat daar verbetering in die toestand van die geboue gekom het, maar nie in die van die uitrusting nie.

Handearbeid en industriële opleiding was verpligtend in die naturelleskole, omdat dit besef is dat sulke werk beter by die naturel se aard en omgewing aangepas het as boekgeleerdheid, maar dit kon byna nêrens ingevoer word nie weëns gebrek aan die nodige geboue, uitrusting en opgeleide onderwysers.[4] Tog is by sommige skole onderrig gegee in die maak van matte en mandjies,[5] en dit was baie suksesvol en nuttig. Tuinmakery het, waar dit ookal op die proef gestel is, misluk, omdat die grond skraal en die water skaars was. Ook was daar geen omheinings nie, sodat die vee die tuine verniel het.

In die 1908-verslag[6] is daar melding gemaak van 'n suiwer goewermentskool in die Klipspruit-lokasie. Dit was die enigste van sy soort (alle ander was ondersteunde skole) en is opgerig bywyse van proefneming,[7] en dit is tans nog die enigste goewermentskool.

1) Jaarverslag T.O.D. [illegible] bl. 90.
2) Ibid., 1908, bl. 105.
3) Ibid., 1909, bl. 104.
4) Ibid., 1909, bl. 37.
5) Ibid., 1908, bl. 106.
6) Ibid., bl. 29.
7) Ibid., 1910, bl. 93.

## 7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

(a) Samevatting. Gedurende die tydperk 1907 tot 1910 was daar in verskeie opsigte wesentlike vooruitgang in die Transvaal op onderwysgebied.

Die invoering van wet no. 25 van 1907 het aan die Hollandse taal en bevolkingsdeel groot voorregte verskaf. Hoewel die taal, selfs op die wetboek, nog nie tot sy volle reg gekom het nie, en in die praktyk aanvanklik nog minder, was dit „'n ferme sprong in die regte rigting". Die oorname van die C.N.O.-skole het daartoe bygedra dat daar 'n groot aantal onderwysers en selfs inspekteurs, wat die C.N.O.-beskouing toegedaan was, tot die geledere van die staatsonderwysers toegevoeg is, wat hulle invloed in die skole kon laat geld.

Die inspekteurskorps is gedurende hierdie periode aansienlik uitgebrei, eers deur die toevoeging van die 4 Hollandse inspekteurs om te waak oor die belange en die nuutverkreë regte van die Hollandse taal, en ook deur die aanstelling van meer distriksinspekteurs. Met die vermindering van hulle nie-professionele werk deur die instelling van skoolrade in 1906, het hulle meer tyd beskikbaar gehad om as raadgewers en leiers op te tree.

Baie Engelse onderwysers het 'n begeerte en ywer aan die dag gelê om Hollands te leer. Dit het die verhouding tussen die twee groepe verbeter. Die regulasies i.v.m. die opleiding van onderwysers moes ook, deur die aandrang op tweetaligheid, daartoe bydra.

Die peil van volksonderwys is verhoog as gevolg van die instelling van st. VII-klasse en 'n st. VII-eksamen as eindpunt van die laerskool. Leerlinge wat nog nie die verpligte ouderdom bereik het nie, moes, waar die fasiliteite bestaan het, op skool bly tot st. VII. In die hoër klasse het dan ook geleidelik meer leerlinge gekom, soos aangetoon in tabelle II en III op bl. 100 en 101.

Die regulasies van 1909 i.v.m. middelbare onderwys het oorplasing na die middelbare skool na st. V gestel, en die middelbare kursus moes 5 jaar duur. Dit is presies die toestand wat tans weer geld. In die tussentyd is daar weer veranderings ingevoer, soos later aangetoon sal word, maar die feit dat tot daardie reëling uiteindelik weer teruggekeer is, toon dat die insigte in die Transvaal t.o.v. hierdie saak in 1909 baie modern was.

Die inagneming van die leerling se skoolrekord by die eksamens van st. VI en VII en van vorm IV en V (behalwe vir matrikulasie) was 'n stap in die regte rigting. Die onderwysowerhede het nie meer net probeer uitvind wat 'n leerling op 'n gegewe oomblik geweet het (of nie geweet het nie), maar ook hoe hy aan daardie kennis gekom het. Die leerling wat sy werk gedurende die jaar verwaarloos het, en net vir die eksamen ,,geblok" het, het skade gely. Dit het die onderwyser 'n sterk dissiplinêre wapen in die hand gegee.

Leerlinge in vorm V kon, volgens die nuwe regulasies, aan een van vier of vyf eksamens deelneem, waarvan die matrikulasie-eksamen slegs een was.

Die totstandkoming van die Transvaalse Universiteitskollege te Pretoria in 1910 het geleenthede vir hoër onderwys tot die beskikking van baie leerlinge gestel wat dit anders sou moes ontbeer het.

Die oprigting van nog twee Normaalkolleges te Heidelberg en te Johannesburg het aan baie meer Transvaalse leerlinge die geleentheid verskaf om hulle as onderwysers te bekwaam. Onderwysersseksamens is baie meer prakties gemaak, veral t.o.v. die twee tale, en die skoolbesoek vir oefening.

Daar was groot vooruitgang op die gebied van naturelle-onderwys. Twee nuwe inrigtings is by die twee bestaandes gevoeg vir die opleiding van onderwysers. Die bekwaamheid van die onderwysers het gevolglik stadigaan verbeter. Vakansiekursusse vir onderwysers is deur die departement ingestel. Geboue het verbeter, veral deur toenemende belangstelling van

die naturelle self, en die aantal leerlinge het geleidelik toegeneem.

(b) Gevolgtrekkings. Gedurende die tydperk onder beskouing het daar in verskeie opsigte 'n radikale verandering in die onderwysstelsel gekom. Die faktore wat hiertoe bygedra het, was van verskillende aard.

Die politieke oorwinning van die Boereparty het dadelik die ingevoerde Engelse stelsel meer Hollands-georiënteerd gemaak, en die oorname van onderwysers en inspekteurs van die C.N.O.-stelsel deur die staat het groot invloed op die staatstelsel uitgeoefen. Manne soos dié eerste vier Hollandse inspekteurs veral, maar ook baie wat geringer posisies beklee het, en wie se name vandag nog eervol vermeld word as „die ou garde", het hulle daarop toegelê om die Hollandse taal en die Christelike beginsels tot hulle reg te laat kom.

Die groter keuse van onderwerpe in die middelbare skool was 'n voorwaartse stap, wat die bestaan van indiwiduele verskille onder leerlinge erken het, 'n saak wat juis destyds die aandag van vooraanstaande onderwysmanne in ander lande, veral Amerika, besig gehou het. As dit egter vandag die geval is dat in kleiner middelbare skole nog geen voorsiening vir 'n groot keuse van vakke gemaak kan word nie as gevolg van praktiese moeilikhede, moes dit nog veel meer die geval gewees het in 1910 en daarna. Die erkenning van die beginsel was egter gesond.

Hierby moet die verskeidenheid van eksamens aan die einde van vorm V in aanmerking geneem word, asook die feit dat die skoolrekord van die vorige jaar in ag geneem is. Die eksamens self was egter nog uitsluitend ekstern, sodat die Transvaalse stelsel nog agter gestaan het by die van die Nu-Engelandstate en die van die Nu-Yorkstaat, want reeds in 1902 is in die Nu-Engeland-state in Noord-Amerika die „New England College Entrance Certificate Board" gestig[1] waarop 13 universi-

1) Kandel, I.L.: Examinations and their Substitutes in the U.S. (1936) bl. 36.

teite en kolleges verteenwoordig was, om 'n lys goedgekeurde hoërskole op te stel wie se leerlinge tot enigeen van die konstituerende kolleges toegelaat sou word sonder enige eksamen, slegs op sertifisering van die hoofde. Skole is goedgekeur vir drie jaar op grond van die rekord van studente wat reeds uit daardie skole toegelaat is, en daarna op grond van die rekord van studente wat na die goedkeuring toegelaat is. Die "Board of Regents", in 1784 in die Nu-Yorkstaat gestig,[1) se toelatingseksamens tot kolleges was geheel ekstern tot 1906, toe die medewerking van die skole en onderwysers vir die opstel van die vrae verkry is (dus half-intern).

"The Board of Regents, in shaping the policies of the State with reference to courses of studies and examinations has thus endeavoured to utilise the experience and judgment of those actually engaged in teaching the prospective candidates for the examinations."

Die vermeerdering van die aantal Normaalkolleges moes noodwendig die peil van onderwys in die kolonie verhoog, en 'n loopbaan aan heelwat meer burgers besorg. Onderwysers wat in die Transvaal gebore is, en ook hier opgelei is, sou hulle seker gouer en beter by Transvaalse omstandighede kon aanpas, en beter met die leerlinge en ouers meeleef en meevoel as ander wat van elders, dikwels van oorsee, ingevoer is.

Gedurende hierdie tydperk het die inspeksiestelsel, nieteenstaande die beter omstandighede waaronder die inspekteurs hulle werk kon verrig, geen wesentlike vooruitgang getoon nie. Uit die verslae van die direkteur self en van sommige inspekteurs het dit aan die lig gekom dat hoofdelike eksaminering en oorplasing deur die inspekteurs in nog te veel gevalle geskied het, en nie net daar waar dit noodsaaklik geblyk het nie. Adamson self was, volgens sy uitlatings, geen voorstander van hierdie praktyk nie, maar nogtans het hy dit toegelaat, en selfs soms sonder kommentaar in sy verslae ver-

1) Kandel, I.L.: Examinations and their Substitutes in the U.S. (1936) bl. 37 - 38.

meld. Hierdie praktyk, of liewer wanpraktyk, sou nog dwarsdeur die volgende dekade voortduur, soos uit die volgende hoofstuk sal blyk.

Van 'n wegbreek van tradisie was daar op opvoedkundige gebied nog maar weinig tekens· m.a.w. die nuwe weë in die opvoeding is nog noueliks in die Transvaal waargeneem, miskien as gevolg van die feit dat die onderwys in die Transvaal nog nie behoorlik gevestig was nie. In Engeland tog het die onderwysowerheid self die voortou geneem in hierdie opsig. Ballard sê:[1]

> "Supporting and accelerating this movement (vir nuwe weë) came, in 1905, the Suggestions to Teachers, the most noteworthy document ever issued by the Board of Education....... It was a direct challenge of traditional views and traditional methods."

Dit het berus op die opvattings van die nuwe sielkunde wat niks as reg bestempel het bloot op grond van gewoonte en tradisie nie, maar slegs op grond van toetse en proefnemings. Bewyse moes die plek inneem van opinies.

---

1) Ballard, P.B.: The Changing School, bl. 231.